HOOFSTUK 3

DIE ONDERWYSER AS KOMMUNIKATOR EN DIE INHOUD VAN KOMMUNIKASIE IN GODSDIENSONDERRIG

1. INLEIDEND

In die vorige hoofstuk is gesien dat kommunikasie 'n aaneen=lopende reeks handelinge en gebeure is wat in 'n aantal onder=dele verdeel kan word, nl. die kommunikator, die boodskap, die ontvanger, die media en die reaksie. Om die probleem van kommunikasie in Godsdiensonderrig te ontleed, moet aan elk van hierdie aspekte aandag gegee word.

In Godsdiensonderrig is die onderwyser die kommunikator terwyl die kind die ontvanger is. Die boodskap bestaan uit die totale inhoud van die vak terwyl die media alle aspekte van die metode van oordrag insluit. Die reaksie is die reaksie van die kind tydens elke afsonderlike ontmoeting en op die onderrig as geheel.

In 'n studie van kommunikasie in Godsdiensonderrig moet dan agtereenvolgens aan die onderwyser, die inhoud, die kind, die metode van onderrig en die reaksie van die leerlinge aandag gegee word. Daarin moet die plek en rol van kommunikasie in Godsdiensonderrig duidelik na vore kom.

2. DIE ONDERWYSER AS KOMMUNIKATOR

In die kommunikasiegebeure in Godsdiensonderrig moet die onder=wyser die leiding neem. Om leiding te kan neem is bepaalde leierseienskappe nodig. Niemand kan lei as hy nie 'n duidelike beeld van waartoe en waarheen hy mik, kan visualiseer nie. Dit

veronderstel duidelikheid met betrekking tot die taak, doel, inhoud en metode en dit verg toewyding, arbeid en pligsvervulling (Strydom, 1977, p. 610). 'n Hoë en wakker intelligensie is onontbeerlik. Die leier moet die begaafdheid hê om kennis op te stapel en te onthou, om oorspronklik te dink, om nuwe verbindings tot stand te bring, om leerstellings en strominge te vertolk en om bekende metodes, stelsels en gesigspunte in veranderde omstandighede toe te pas (Strydom, 1977, pp.618-9).

Die onderwyser is tot hierdie grootse taak as leier in Godsdiensonderrig deur God self geroep, en hy tree ter aanvulling van en in die plek van die ouers op. Sy gesag is verleende gesag: Die vyfde gebod leer dat die kind sy ouers moet eer en gehoorsaam en dus ook die onderwyser wat in die plek van die ouer staan. Dit plaas ook 'n besondere verantwoordelikheid op die onderwyser (Fourie, 1974, pp.146-147).

Die onderwyser moet in die kommunikasie in Godsdiensonderrig iets deurgee. Dus moet hy iets hê om deur te gee. Hy is egter nie net 'n persoon wat inligting oordra nie, maar is as persoon direk en dinamies in die opvoedingsgebeure betrokke, selfs al probeer hy net inligting oordra.

Een van die groot probleme vandag in Godsdiensonderrig is die afwesigheid by die onderwyser van 'n helder siening van sy taak. Smit (1977, p.29) stel die taak duidelik as 'n genadegawe van God aan die sondige mens om die kind " . . . na omhoog te begelei tot die ontsluiting van al sy moontlikhede deur besielende onderrig in kennis en deug, deur simpatieke en liefdevolle gesagsdissipline en deur die stel van 'n kragtige, uitnodigende lewensvoorbeeld." Om die kind te begelei " . . . tot 'n volle

geheiligde en Godvrugtige lewe van innerlike vrede en van arbeid en diens saam met en vir die naaste, in die wêreld en tot die eer en verheerliking van God in Jesus Christus deur die geheimenisvolle werking van die Heilige Gees." (Smit, 1977, p. 29).

Om die taak van sinvolle kommunikasie in Godsdiensonderrig te kan uitvoer, is daar sekere vereistes waaraan die onderwyser moet voldoen.

2.1 Hy moet 'n gelowige wees

Vir suiwer uitleg van die Woord, is 'n suiwer skrifbeskouing 'n grondliggende voorwaarde (Van Wyk, 1970, p. 350). Die onderwyser moet die Woord waarlik begryp anders sal hy nie in staat wees om dit sinvol oor te dra nie. Om die Bybel te verstaan is 'n volkome onderwerping aan die leiding van die Heilige Gees noodsaaklik, want die openbaring vind deur die Gees plaas. Ware geloof is dus vir die regte verstaan van die Skrif noodsaaklik en daarom moet die onderwyser 'n gelowige wees wat 'n biddende en ondersoekende omgang met die Bybel het.

Die onderwyser moet die Skrif as die openbaring van God wat vir hom bedoel is, in die eerste instansie op homself toepas. Die Skrif proklameer waarhede wat na homself verwys en hy moet self daarvoor buig (Van Wyk, 1970, pp. 337-338). Die onderwyser se eie omgang met die Here in woord en daad dra meer tot die ontstaan en die opbouing van 'n Godsbegrip by die kind by as die uitleg tydens die Bybelles. Die woord en die daad van die onderwyser moet ooreenstem, want dade spreek luider as woorde (Greyling, 1946, p. 277). Die onderwyser leer iets aan die leerling deur wat hy sê, meer deur wat hy doen, maar die meeste

deur wat hy is. Die ou gesegde: "Wat jy is, skreeu so hard dat ek nie kan hoor wat jy sê nie", is in Godsdiensonderrig baie waar (Hurn en Van den Berg, ca. 1974, p. 30).

In die kommunikasiehandeling in Godsdiensonderrig is daar altyd 'n doelbewuste beïnvloeding van die kind. Die doel van die kommunikasie moet wees om die kind so te beïnvloed dat Christus vir hom sal wees wat Hy reeds vir die onderwyser is. Die onderwyser moet eers vir die kind kies, daarna moet hy saam met hom kies en uiteindelik moet die kind self kies (Hurn en Van den Berg, ca. 1974, p. 32). In hierdie self kies stel die Christen hom oop vir heiligmaking deur die gees van God. Dit is duidelik dat alleen 'n ware gelowige onderwyser wat 'n ware Christelike sfeer en horison het, die kind so kan beïnvloed dat sy sfeer en horison ook Christelik sal wees.

Die onderwyser moet ook oortuig. Om te kan oortuig moet hy self oortuig wees, want hy kan slegs die hart van die kind raak as dit uit sy eie hart kom (Van Wyk, 1970, p. 470).

Die onderwyser onderrig deur die woord; die woord wat heenwys na die vleesgeworde Woord. Deur die woord van die onderwyser, deur sy hand en deur sy oog wat die vuur van die geloof uitstraal en wat die kind kan sien, word blote onderrig dan onderwys en opvoeding. Onderrig word dan meer as mond tot mond kommunikasie. Dit word mens tot mens kommunikasie (Schutte, 1969b, p. 12).

Alles dui daarop dat die eerste vereiste wat aan die onderwyser in Godsdiensonderrig gestel moet word, is dat hy 'n gelowige moet wees. Uit die Skrif is dit duidelik dat God self tydens

die verkondiging teenwoordig is: "Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan." (2 Kor. 5:20).

Die praktiese posisie is egter dat daar in skole in Suid-Afrika bes moontlik ook ongelowige onderwysers is wat die vak aanbied. Daarom ontstaan die vraag of 'n ongelowige "suksesvol" kan verkondig. Paulus werk oorspronklik, as Saulus, teen God, hoewel hy anders gemeen het en eers nadat hy bekeer is, werk hy waarlik vir God. Tog sê Paulus self: "Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis . . . uit naywer, nie met suiwer bedoelinge nie . . . maar wat maak dit saak? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly." (Fil. 1:15-18). Dit blyk dus dat die werk van die ongelowige onderwyser of die werk van die onderwyser met 'n flou geloof nie noodwendig deur God afgewys word nie.

2.2 Hy moet 'n vakkundige wees

Daar word soms beweer dat 'n gelowige onderwyser wat weet waarom hy moet onderrig, self sy kennis op die gewensde peil sal bring en self 'n goeie metode van onderrig sal vind. Dit laat die vraag ontstaan of daar spesiale onderwysers in die skool moet wees wat vir Godsdiensonderrig verantwoordelik moet wees of nie.

Sommige persone is teen spesialiste in Godsdiensonderrig en beweer dat dit 'n skeiding tussen Godsdiens en wetenskap tot gevolg sal hê en dus die verheidensing van die skool in die hand sal werk. Volgens hierdie persone beteken dit vir elke onderwyser se eie karaktervorming en lewensbeskouing oneindig veel as hy self Godsdiensonderrig gee en het elke Christen-onderwyser

'n reg en 'n plig om Godsdiensonderrig te gee. Dit sal ook tot gevolg hê dat dieselfde geesteskoers dwarsdeur die skool heers en dit sal aan die onderwysers die voorreg gee om deur hierdie karaktervormende vak hul leerlinge te beïnvloed (Greyling, 1946, pp. 263-4).

Daar is baie argumente wat ten gunste van spesialiste in Godsdiensonderrig gebruik word. Ter wille van die deeglikheid van die werk, is spesialiste in alle vakke nodig. Hoewel hulle innige Christene mag wees, het alle onderwysers nie die aanleg om Godsdiensonderrig te gee nie. Spesialiste sal onbekwame en ongelowige onderwysers in hierdie vak uitskakel (Greyling, 1946, p. 263).

Goeie bedoelinge in Godsdiensonderrig is onontbeerlik, maar dit help nie veel as dit nie deur deeglike kennis en intelligente metodes gerugsteun word nie, en daarvoor is 'n deeglike opleiding noodsaaklik. Die ideaal sou wees dat alle onderwysers gelowig en in Godsdiensonderrig deeglik opgelei sou wees. In die praktyk is dit egter nie die geval nie en ook nie moontlik nie.

Deeglike opleiding in enige rigting, en in besonder in Godsdiensonderrig, vereis spesialisasie. Net soos dit noodsaaklik is dat die talentvolle musikant of die potensiële wiskundige in sy bepaalde rigting moet spesialiseer, so moet die onderwyser in Godsdiensonderrig 'n deeglike kennis van al die aspekte van sy vak hê.

Hoewel die waarde van die onderwyser op godsdienstige gebied nie oorskat mag word nie, kan die opvoedkundige implikasies wat

veroorsaak kan word deur 'n gebrek aan kennis by die onderwyser, nie onderskat word nie. God gebruik wie Hy wil, maar Hy kan 'n beter toegeruste mens beter as 'n swak toegeruste gebruik. Beter kennis van sy vakgebied maak van die onderwyser in Godsdiensonderrig 'n beter instrument in die hand van God (Hurn en Van den Berg, ca. 1974, p. 32).

Die kerk van die reformasie het die belangrike beginsel aanvaar dat elke indiwidu die reg het om ondersoek in te stel na die betekenis van die Woord van God en om sy Woord self te interpreteer (Van Wyk, 1970, p. 368). Die onderwyser is dus in sy verklaring van die Skrif heeltemal vry, maar nie bandeloos nie. Hoe beter sy kennis is, hoe groter is die moontlikheid dat sy interpretasie korrek sal wees.

Met betrekking tot vakkundige kennis stel Godsdiensonderrig vandag besondere eise aan die onderwyser. Hy moet die gewyde geskiedenis deeglik ken, want dit vorm die basis van sy onderrig. Hy moet in staat wees om die openbaring in die geskiedenis raak te sien. Hy moet 'n deeglike kennis van die aardrykskundige, die kultuur-historiese en staatkundige agtergrond van die openbaringsgeskiedenis hê. Hiervoor is 'n studie van Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en van argeologiese opgrawingsresultate noodsaaklik. Hierdie gegewens moet altyd in die nouste verband met, en steeds ter verheldering van die Bybelse gegewens in die les betrek word (Van Wyk, 1970, p. 373). Verder is 'n studie van die algemene en besondere kanoniek van sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament van die grootste belang. Kennis van Geloofsleer, Sedeleer en Kerkgeskiedenis is 'n vereiste terwyl kennis van eksegese en hermeneutiek, al is dit van elementêre aard, vandag in 'n besondere mate noodskaaklik geword het.

Net soos van die onderwyser op ander vakterreine verwag word om kennis te neem van nuwe verwikkelinge op die vakgebied, so moet die onderwyser in Godsdiensonderrig ook kennis neem van die ver= wikkelinge op die gebied van die teologie.

Kennis van ander kerklike denominasies en godsdienstige strominge kan in Godsdiensonderrig van groot praktiese waarde wees. Die onderwyser sal homself ook moet kan help met Bybelkonkordansies, Skrifverklarings, Bybelse ensiklopedieë en woordeboeke, Bybelse kommentare, ens., terwyl hy op hoogte moet bly met nuwe vak= literatuur.

Dit is duidelik dat kennis van al bogenoemde aspekte 'n deeglike opleiding vereis. Greyling (1946, p. 267) sê reeds gedurende 1946 dat die ou gedagte dat enige soort opleiding vir die onder= wyser in Godsdiensonderrig goed genoeg is solank sy hart en sy bedoeling maar reg is, hoe langer hoe minder deug. Vandag geld hierdie ou gedagte glad nie meer nie. As die nodige opleiding ontbreek, mag dit gebeur dat die beste bedoelinge en die beste geleenthede verlore gaan.

Daar is geen gewigtiger taak as die op die skouers van die onder= wyser in Godsdiensonderrig nie. Tog word sy opleiding aan universiteite en onderwyskolleges afgeskeep. Aan onderwys= kolleges in Transvaal word ongeveer 1½ uur per week gedurende die eerste jaar en ongeveer 1 uur per week gedurende die tweede jaar van opleiding aan die onderrig van beide inhoud en metodiek afgestaan. Derdejaar- en vierdejaarstudente ontvang geen onder= rig in Godsdiensonderrig nie.

Vir die opleiding van studente in Bybelkunde word op ongeveer gelyke vlak met ander vakke voorsiening gemaak. Die sillabusse is egter nie genoegsaam onderwysgerig nie en belangrike aspekte soos eksegese, huidige strominge in die teologie en vreemde godsdienstige strominge ontvang weinig of geen aandag nie.

Besondere fasiliteite aan hoër opvoedkundige inrigtings vir die opleiding van onderwysers in Godsdiensonderrig bestaan net nie. By onderwyskolleges bestaan daar bv. ten volle toegeruste Biologie-laboratoriums met mikroskope, ens., vir elke student sodat hy selfstandig kan studeer. Alles wat nodig is, word tot sy beskikking gestel. Die daarstelling van deeglik ingerigte en toegeruste godsdiensonderriglokale verdien minstens net so veel aandag as die inrigting van laboratoriums.

Die huidige toestand van die Christelike Godsdiens roep om 'n beter en doelgerigter vakopleiding vir onderwysers in Godsdiensonderrig.

2.3 Hy moet pedagogies deeglik toegerus wees

'n Ware gelowige met 'n deeglike kennis van die Bybel is nog nie 'n ideale onderwyser in Godsdiensonderrig nie. Greyling (1946, p. 268) sê tereg dat 'n onderwyser nie 'n onderwyser is as hy nie waarlik kan onderrig nie. Hiervoor is opleiding noodsaaklik. Die onderwyser in Godsdiensonderrig moet dus in opvoedkunde in die algemeen deeglik onderlê wees. Daarby moet hy ook 'n deeglike kennis van die vakmetodiek hê. Hy moet byvoorbeeld weet watter opvoedkundige beginsels en onderwysmetodes in 'n besondere mate in Godsdiensonderrig van toepassing is. Hy moet weet wat die landswet en onderwysordonnansies in verband met

Godsdiensonderrig bepaal en moet in staat wees om dit te kan toe=pas. Hy moet die sillabusse vir Godsdiensonderrig deeglik ken en duidelikheid oor aangeleenthede soos die beplanning van die godsdiensles, die gebruik van hulpmiddels, evaluering, integre=ring met die biblioteek, ens. hê.

Die onderwyser moet dus deeglik in metodes en beginsels van kommunikasie in Godsdiensonderrig toegerus wees.

2.4 Hy moet die kind ken en verstaan

Al die reedsgenoemde vereistes wat aan die onderwyser in Gods=diensonderrig gestel is, is waardeloos as hy die kind voor hom nie ken en verstaan nie. Die kind noodsaak die opvoeder om die Bybelleerstof in ooreenstemming met die aard, behoeftes en bevatlikheidsvermoë van die jeug te selekteer, te vereenvoudig, te sistematiseer en pedagogies korrek aan te bied (Stone, 1972, p. 58).

Die sogenaamde generasiegaping word vandag dikwels as vanself=sprekend aanvaar. Daar is egter nie noodwendig 'n gaping tussen die onderwyser en die kind nie, want die onderwyser wat die kind ken, verstaan en by sy vereistes en behoeftes aansluit, onder=vind nie hierdie probleem nie. Om die kind te kan opvoed moet die onderwyser die kind se fisiese, verstandelike, emosionele, psigologiese, ens. ontwikkeling ken en verstaan. Hy moet egter ook in 'n besondere mate die godsdienstige ontwikkeling van die kind ken en daarby aansluit.

Daar kan met die hedendaagse kind in kommunikasie getree word alleen indien die onderwyser sy horison kan betree. Daarvoor

is nie alleen 'n kennis van die milieu van die kind nodig nie, maar ook 'n begrip van hoe die kind sy milieu sien en interpreteer. Die onderwyser moet probeer vasstel hoe die kind redeneer, watter insig hy in sy lewensituasie het en watter betekenis hy daaraan heg (Pieterse, 1977, p. 22). Hy moet in die menslike gees indring om die knellende horison van kennis en geloof te verbreed. Hy moet sin gee aan die wêreld wat dikwels sinloos voorkom (Strydom, 1977, pp. 622-3). Daar moet dus op die belewings- en ervaringsmoontlikheid van die kind gebou word (Stone, 1972, p. 58). Hy moet die jeug se problematiek begryp en moet 'n eietydse vorm soek om die jeug te boei.

Die huidige geslag kan in Godsdiensonderrig alleen aangespreek word indien die eeue-oue Skrif in die midde van die hedendaagse lewe geplaas word. Soos die kamerling van Ethiopië, verstaan die kind nie wat hy lees nie en moet dit aan hom vertolk word om heilsaam op sy gees te kan inwerk (Van Wyk, 1970, p. 330). Dit is die taak van die onderwyser om die Skrifbeginsels te ontdek en die toepassing daarvan in die lewe van die kind aan te toon (Van Wyk, 1970, p. 415). God moet vir die kind in hierdie konkrete gewone lewe naby gebring word (Stone, 1972, p. 59) en dit is alleen moontlik indien die onderwyser die kind waarlik ken en verstaan.

Die onderwyser moet begryp dat die ontvangs van die boodskap in kommunikasie nie passiewe ontvangs en aanvaarding in die gewone sin van die woord is nie. Hy moet besef dat 'n onbepaalde aantal reaksies wat hoofsaaklik deur sy persoonlike omstandighede, sy vermoëns, sy kennis, sy vorige ervarings, sy lewens- en wêreldbeskouing, sy gesindheid, sy ouderdom en sy geslag bepaal

word, by die kind moontlik is. Die onderwyser moet dus die kind as ontvanger ken en verstaan.

Die onderwyser in Godsdiensonderrig moet weet dat die kind met die syn van die lewe worstel en na 'n verklaring vir sonde, die toekoms, die aarde, die mensdom en homself soek. Hy moet weet dat die kind deur baie dinge van die lewe oorval word en dat hy in die dinge wat om hom aangaan geïnteresseerd is. Hy moet weet dat die kind nie na konsepte en respete soek nie, maar na 'n Christelike bestaanswyse. Hy moet besef dat sinlose aktiwiteite die kind irriteer en dat hy opgedronge menings verwerp (Van Wyk, 1969, pp. 32-33).

Die onderwyser moet die nood van die kind ken en sy leefwêreld binnetree anders is sinvolle kommunikasie nie moontlik nie.

2.5 Hy moet 'n student bly

Die onderwyser in Godsdiensonderrig moet besef dat hy nie in 'n geslote gemeenskap en omgewing werk nie, maar in 'n steeds kleiner-wordende, snel-veranderende wêreld leef (Strydom, 1977, p. 611). 'n Grondige kennis van die wêreldgees is dus essensieel en die uitwerking van die tydgees op die eie moet objektief vanuit 'n eie lewens- en wêreldbeskouing beoordeel word. Die gees van mensverheerlikende humansime, anti-godsdienstige kommunisme, die vormlose liberalisme en nuwe vorms wat mag opduik, moet verken, beheers en waar nodig genadeloos beveg word (Strydom, 1977, p. 611).

Die onderwyser moet self op die voorpunt van die wetenskap beweeg, want die kind verwag dit van hom en dit is noodsaaklik om

die kind daar te kan lei (Schutte, 1969b, p. 14). Die kind leef steeds in 'n nuwe wêreld met nuwe gedagtes, aspirasies, ondervindinge en take en die onderwyser in Godsdiensonderrig moet met gesag daarvan kan praat en so die kind buite die beperkings van sy omstandighede kan uitlig (Schutte, 1969b, pp. 7-8).

Die onderwyser moet op die voorpunt van die beskawingsgolf beweeg (Strydom, 1977, p. 623) en op die hedendaagse probleme ingaan, dit indringend analiseer en dan weë en middele beplan om sy Godsdiensonderrig so te rig dat dit 'n sinvolle kommunikasie tussen Gods Woord en die opvoedeling in ons tyd kan bewerkstellig (Van Wyk, 1970, p. 2). Hy moet toesien dat die verband tussen die leerstof en die eietydse kultuur gehandhaaf word en moet trag om struktuur in die wêreld van vandag te sien en poog om die kind te leer om vaste lyne in 'n wisselende veld te herken (Schutte, 1969b, p. 14).

Die onderwyser moet homself verplig voel om die leerlinge in 'n posisie te stel waar hulle self ontdekkings in verband met die betekenis van die Bybel in hul eie lewens kan maak. Daarvoor is dit nodig dat die onderwyser self 'n gretige student moet wees: "The most creative teacher may well be the most avid learner." (Hanson, 1972, p. 41).

Gelowige onderwysers moet navorsing doen en ander inlig en voorlig oor metodes en wyses om nuwe dinge gelowig en vrugbaar aan te wend (Schutte, 1969b, p. 14).

2.6 Hy moet die vak en die kind korrek benader

Dit baat niks as 'n mens iets wil koop en weet wat dit is, waar dit te koop is en die geld daarvoor beskikbaar het, maar nie gaan en dit koop nie. So baat dit niks as die onderwyser ware geloof en deeglike kennis van die inhoud, metodiek en die kind het, maar dit nie in Godsdiensonderrig korrek uitleef en toepas nie.

In die kommunikasiesituasie is die benadering van die kommunikator een van die belangrikste faktore wat die reaksie van die ontvanger bepaal. In Godsdiensonderrig moet daar 'n wederkerige relasie tussen onderwyser en leerlinge wees sodat ontmoeting in die ware sin van die woord kan plaasvind. 'n Eenrigtingverkeer-onderwyser vertraag die opvoeding (Van Wyk, 1969, p. 35).

Wanneer die benadering van die onderwyser verkeerd is, kan die kommunikasie as gevolg van 'n doelbewuste negatiewe reaksie van die kind misluk (Gordon, 1969, p. 34). Die wil van die leerlinge is hier die belangrikste bepalende faktor en die onderwyser se optrede moet sodanig wees dat dit die kind motiveer om te wil luister.

Goeie Godsdiensonderrig veronderstel 'n persoonlike verhouding tussen die onderwyser en die leerlinge. Die onderwyser moet vlak by die leerlinge staan (Van Wyk, 1970, p. 430) en die onderwyser-kindverhouding moet 'n vader-kindverhouding wees (Smit, 1977, p. 29). Die onderwyser moet die welsyn van die totale kind, na verstand en hart, na gevoel en wil, na liggaam en gees op die hart dra, en hy moet doen wat die ouers vandag dikwels nie meer doen nie (Schutte, 1969b, p. 13).

Die onderwyser moet die kinders nie toespreek nie, maar met en tot hulle praat (Kaplan, 1969, p. 91). Hy moet versigtig wees dat hy die evangelie nie intellektualisties aanbied nie, maar ook nie in vroomheidsonderwys en dweepsiekheid verval nie (Van Rensburg, 1971, pp. 169-170). Die onderrig moet in 'n gees van liefde en eerlikheid geskied sodat die leerlinge kan reageer soos hulle werklik voel en nie die antwoord gee wat hulle dink die onderwyser wil hê nie (Snoeyink, e.a., 1973, p. b\3).

Die onderwyser moet onsinnige praatjies vermy en die evangelie direk, eenvoudig en met oorgawe bring. Kraemer (1956, p. 122) beweer dat menige predikant beter as Billy Graham preek, maar tog tref sy preek en hulle s'n nie. Waarom? R.M. Dein skryf namens dr. Graham: "Dr. Graham does not communicate the Gospel well because of his ability, but because he allows God"s power to work through him. God is the one Who is all powerful. Dr. Graham is an instrument in God's hand . . ." (Vgl. korrespondensie dr. Graham met skrywer, gedateer 3 April 1973). As die onderwyser in Godsdiensonderrig altyd besef dat hy 'n instrument in die hand van God is, behoort daar geen probleem by die benadering tot die vak te wees nie.

J.H. van Wyk (1969, pp. 32-34) tipeer die "gestolde" onderwyser in teenstelling met die moderne onderwyser baie mooi. Die "gestolde" onderwyser voel diep bekommerd omdat die Godsopenbaring nie meer beluister word nie, hy voel hom geroepe om die kennis en die leer van die Bybel so suiwer moontlik oor te dra, hy soek na weë om die wêreld en die mens vir God oop te breek, hy praat vermoeiend en verskaf antwoorde op moeilike en niksseggende vrae, maar vind in die jeug geen klankbodem nie. Die moderne onderwyser daarenteen is bewoë oor die hedendaagse mens

en wêreld, hy is gevoelig vir die belangstellings, suksesse, verdriet, verwagtinge en teleurstellings van die kind in sy konkrete situasie, hy is bewus daarvan dat die Christendom vir hierdie kind 'n boodskap het, hy leef in die wêreld van die jong mens, is bewus van hul afkeer in sinneloosheid en niksseggende vrae en besef dat die heilsboodskap van Jesus Christus met die antwoorde op hul vrae saamval, hy gee uitsig op die sin, betekenis en waarde van sake en bied nie klaargeknipte kennis en oplossings nie, maar bied homself aan.

Die atmosfeer in die klaskamer sal grootliks die uitvloeisel van die gesindheid van die onderwyser teenoor die vak en die leerlinge, en gevolglik die gesindheid van die leerlinge teenoor die onderwyser en die leerstof wees.

2.7 Hy moet bewus van sy oortuigingsroeping wees

Die onderwyser in Godsdiensonderrig het 'n oortuigingsroeping. Hy moet die leerlinge op die pad na Jesus Christus neem en om dit te kan doen moet hyself die pad ken en bewandel. Hy moet self oortuig wees, en sy oortuigings openbaar om oortuiging by sy leerlinge te wek. Volgens Waterink sal die onderwyser eers egte invloed hê wanneer die opvoedingshandeling as't ware deur die siel van die onderwyser gegaan het en wanneer dit uit die eenheid van sy hele persoonlikheid kom (Van Wyk, 1973, p. 17).

2.8 Hy moet entoesiasme besit

Toe 'n suksesvolle sakeman na die sleutel tot sy sukses gevra is, was sy eenvoudige antwoord: entoesiasme by sy werknemers. Entoesiasme is vir sukses op enige terrein noodsaaklik, maar is in 'n buitengewone mate in Godsdiensonderrig onontbeerlik.

Om sinvol met die kind te kan kommunikeer moet elke woord van die onderwyser met besieldheid gelaai wees, want die kind is gewoonlik net 'n bietjie meer entoesiasties as die onderwyser. 'n Lou benadering daarenteen lei tot belangeloosheid en onverskilligheid by die kind.

Dit is belangrik dat die onderwyser nie alleen entoesiasties sal wees nie, maar dat hy ook sy entoesiasme duidelik sal toon.

2.9 Slotopmerking

Saam met J.H. van Wyk (1970, pp. 247-248) kan gesê word dat die Bybelles van die onderwyser eis: "'n Voorbeeldige lewe, kennis en begrip van sy leerlinge, kennis en begrip van die wêreldprobleme, kennis van die Skrif en sy bedoeling, nederigheid ten einde met sy leerlinge te kan kommunikeer, ywerige belangstelling in die opvoedkunde, die sielkunde, die moderne didaktiek, die moderne teologie, ens. te veel om op te noem. Bowe-al word van hom verwag bewoëndheid vir sy naaste, selfkennis, selfopoffering, bereidheid tot diens, ja dat hy homself op die altaar sal lê."

Waar sulke hoë eise aan die persoon van die onderwyser gestel word, kan tereg gevra word of daar dan iemand is wat aan al hierdie vereistes voldoen. Voor hierdie vereistes staan ons almal as swakkelinge wat moet uitroep: "Ek ellendige mens, hierdie taak kan en mag ek nooit aanpak nie." (Hurn & Van den Berg, ca. 1974, p. 30). Tog weet ons dat God dikwels swakkelinge vir sy werk uitsoek. Moses word byvoorbeeld geroep om met Farao te gaan praat terwyl hy "swaar van mond en swaar van tong is." (Ex. 4:10).

Juis die mens wat bewus van sy swakhede is, word deur God gebruik. Die een wat bewus van sy swakheid is, kan nie op sy eie krag staatmaak nie, maar bid en smeek om genade en krag van God. Daarom kan gesê word dat die een wat homself as ongeskik ag, juis die geskikte vir hierdie grootse taak is.

Die gelowige onderwyser moet homself dan altyd biddend in God se diens stel, en saam met Paulus kan sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." (Fil. 4:13).

Al sou 'n onderwyser egter aan al bogenoemde vereistes by uitnemendheid voldoen, kan hy nog nie van positiewe resultate verseker wees nie, want daar is aspekte wat buite sy beheer is. Eerstens moet daar geloof in die hart van die kind wees anders is ware sinvolle kommunikasie nie moontlik nie. Tweedens mag hy moontlik goeie reaksie van die kind tydens die aanbieding van die les ontlok, maar die ware reaksie, die resultaat, berus alleen op die werking van die Heilige Gees. Die kommunikasie wat van die onderwyser uitgaan, lê op die intermenslike vlak, maar die kommunikasie wat daardeur beoog word, is iets heel anders. Kommunikasie in Godsdiensonderrig is dus totaal anders as kommunikasie in enige ander skoolvlak, en hierin is die probleem van kommunikasie in Godsdiensonderrig geleë.

3. DIE INHOUD VAN KOMMUNIKASIE IN GODSDIENSONDERRIG

Die tweede aspek van die kommunikasiegebeure wat aandag verdien, is die boodskap. In enige kommunikasiesituasie is daar 'n bepaalde boodskap of iets wat gekommunikeer word. In Godsdiensonderrig is die boodskap nie alleen die inhoud van elke afsonderlike les nie, maar die totale inhoud van alle lesse.

In die kommunikasiegebeure is daar 'n stadium waar die inhoud los van die kommunikator en die ontvanger staan. Die inhoud kan dus afsonderlik ontleed word. Die inhoud van die kommunikasie in Godsdiensonderrig is 'n uiters belangrike aspek en verdien besondere aandag.

Die grondliggende probleem by die keuse van die inhoud van Godsdiensonderrig is dat die Godsopenbaring en die inkleding daarvan so omvangryk is dat alles nie behandel kan word nie. Die vraag ontstaan dan: watter dele moet onderrig word en watter dele moet weggelaat word? Volgens Landman et. al. (1975, p. 124) is die probleem by die inhoud van Godsdiensonderrig om uit die eie aard van die Godsopenbaring beginsels na vore te bring wat rigtinggewend by die ontwerp en gee van die les is.

Die inhoud van Godsdiensonderrig moet eers geselekteer, gesistematiseer en vereenvoudig word in ooreenstemming met die aard, behoeftes en bevatlikheidsvermoë van die jeug op verskillende stadiums van ontwikkeling (Stone, 1972, pp. 55-56).

By die keuse van die inhoud moet die lig van die Skrif self leiding gee (Stone, 1972, p. 56).

3.1 Die huidige inhoud van Godsdiensonderrig

Daar bestaan tans sillabusse vir elke standerd in die skool. Saam daarmee ontvang die onderwyser 'n aantal instruksies en voorskrifte. Aan elke indiwiduele onderwyser word dit dan oorgelaat om hierdie sillabus in 'n werkskema om te werk. In hierdie werkskema neem die vakbeleid waarin die onderwyser die doel, metode, hulpmiddels, ens. uiteensit, 'n belangrike plek in. Dit

is dus lig te verstaan dat 'n wye nuansering van inhoudsaanbie= ding en doelstellings van bepaalde lesse aangetref sal word.

Dit is egter 'n opvallende verskynsel dat die inhoud van die les in die werkskema duidelik uiteengesit word terwyl weinig aandag aan die doel gegee word.

By die aanbieding van die les ontvang die inhoud soms al die aan= dag sonder dat daar by die doel uitgekom word. Die sillabus skryf 'n sekere hoeveelheid kennis voor en as die onderwyser dit "deurgewerk" het en as die kind dit in 'n redelike mate kan weer= gee, word die taak as afgehandel beskou (Van Wyk, 1970, p. 438). Te dikwels word daar by stukkies en brokkies gehou en gaan die geheelbeeld en die breë perspektief verlore (Hanson, 1972, p.13).

Oor-gesistematiseerdheid, saaklikheid, beknoptheid en oor-vereen= voudigde aanbieding van die evangelieboodskap kom oral voor en hou gevare in (Prime, 1969, pp. 6-7). Die voordeel van die evan= gelie word aan die hand van die moderne advertensiewyse oor= beklemtoon terwyl die nadruk op sonde as die bron van smarte en en ellende in 'n groot mate uit die lering verdwyn het (Veldsman, 1975, p. 39).

Die sillabusse in die primêre skole is byna uitsluitlik op ge= wyde geskiedenis gerig. Die res van die Bybel kry weinig aandag. Van die profete, wat juis singewend in die heilsgeskiedenis op= tree (Van Wyk, 1970, pp. 393-394), word net enkele van die groot profete behandel. Die digterlike boeke van die Ou Testament word afgeskeep terwyl 'n boek soos die Spreuke van Salomo so on= eindig veel vir die hedendaagse kind kan beteken.

Geloofsleer en sedeleer kom wel in die sillabusse van die hoër standerds voor, maar daar is 'n groot gemis aan aktuele temas (Van Wyk, 1970, p. 445).

Die huidige sillabusse vir Godsdiensonderrig is reeds baie jare gelede opgestel en saam met Van Wyk (1969, p. 30) moet ons hier praat van verouderde en onaangepaste leerstofkeuse, want sedertdien het die kennis in verband met die Bybel geweldig uitgebrei, het nuwe teologiese beskouinge na vore getree en het die situasie van die kind heeltemal verander. Die verouderde leerstof moet dus aangepas word by die huidige kennis en situasie sonder dat die evangelieboodskap enigsins aangetas mag word. Helderheid moet dus oor die relevante vakinhoud verkry word (Van der Walt, 1974, p. 152).

Die huidige inhoud en wyse van benadering spreek die kind nie meer aan nie. Die skool sien deur die jare toe hoe die verskil tussen leer en lewe, tussen Christelike lewenshouding en die praktyk groei sonder om iets daaraan te doen. Dit is dan te begrype dat die erfgenaam die integriteit van die erflater en die waarde van die erfenis bevraagteken (Botha, 1972, p. 11).

3.2 Die vereistes waaraan die inhoud vir kommunikasie in Godsdiensonderrig moet voldoen

Hier word gelet op die vereistes waaraan die sillabus as geheel moet voldoen en nie die vereistes van die inhoud van onderafdelings of bepaalde lesse nie. Dieselfde vereistes geld egter meestal ook daar.

3.2.1 Die inhoud moet 'n bepaalde doel hê

Die doel met die inhoud is dieselfde as die doel van Godsdiens= onderrig in die algemeen. Die doel moet gestel word volgens die eise van die Bybel, die vereistes van die wet en die vermoë van die kind. Daar is bepaalde doelstellings vir die inhoud van die sillabus as geheel, vir die inhoud van die sillabus van 'n sekere standerd, vir die inhoud van 'n bepaalde termyn, onder= afdeling en indiwiduele les (Greyling, 1946, p. 189).

'n Mooi doel beteken niks as die onderwyser dit nie ken en nie doelbewus na die bereiking daarvan strewe nie. Die leerstof moet so gekies word dat dit die bereiking van die doel moontlik maak terwyl die kinders ook moet weet wat die doel is. Lesse is waardeloos as die kinders nie weet waarheen die onderwyser wil nie.

3.2.2 Deur die inhoud moet die Bybel aan die kind gebring word soos God dit bedoel het

By die lees van die Bybel is dit soms asof mens 'n vreemde wêreld betree en is dit dikwels moeilik om die betekenis van die gebeur= tenisse te verstaan. 'n Groot hulp is dan om die bepaalde feite teen die perspektief van die Skrif as geheel te plaas.

Die Skrif is 'n organiese eenheid met die Koninkryk van God in die sentrum en Jesus Christus as die sentrum van die sentrum. Die ganse inhoud hou ten diepste met hierdie sentrale waarheid verband (Landman, et. al., 1975, p. 125).

Om die Skrif reg te verstaan en dus reg aan die kind oor te dra, moet elke gedeelte teen die agtergrond van skepping, sondeval,

verlossing en die liefde van God vir die mens gesien word. Die volle Raad van God moet onderwys word en dit sluit die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament in.

Godsdiensonderrig bedoel nie die aanbieding van losstaande insidente of leerstof wat die onderwyser toevallig goed ken of voorkeur aan verleen nie, maar moet in 'n omvattende sin die Bybel as die openbaring van God bied (Stone, 1969, p. 13).

Daar moet altyd gepoog word om die woorde te verstaan soos dit bedoel is en soos dit verstaan is toe dit die eerste keer gebruik of gelees is (Hanson, 1972, p. 14). Dit vereis 'n teologies korrekte interpretasie van die Bybelse inhoud.

3.2.3 Die Bybel self as die bron van die leerstof

By die keuse van die inhoud van Godsdiensonderrig moet altyd onthou word dat die Bybel die enigste ware bron is. God spreek deur die Skrif en die Woord moet dus aan die woord gestel word (Landman, et. al., 1975, p. 125). In Godsdiensonderrig word daar te dikwels oor die Bybel gepraat en boeke wat oor die Bybel handel word bestudeer terwyl die Woord self te min toegelaat word om self te spreek. Die inhoud moet die Bybel self as studieobjek vereis en alle ander bronne moet slegs ter ondersteuning gebruik word.

Vroeër het die Christendom by die letterlike korrektheid van die Bybel gestaan. Vandag is daar in talle opsigte twyfel oor die korrektheid. Kraemer (1956, p. 92) beweer selfs dat die onbetwiste outoriteit van die Skrif onherroeplik tot die verlede behoort. Dit mag nooit die uitgangspunt in Godsdiensonderrig

wees nie. Die integriteit van die Bybelse materiaal moet ge=respekteer word. Waar argeologiese bevindinge vandag die korrekt=heid van die Bybelse feite onderstreep, moet daaraan 'n promi=nente plek gegee word.

By die keuse van die inhoud moet in gedagte gehou word dat die Bybel uit 66 boeke bestaan wat oor 'n tydperk van meer as 1000 jaar ontstaan het en uiteenlopend van aard is. Dit moet dus verwag word dat die boeke baie van mekaar sal verskil. Histo=riese gebeurtenisse en profetiese openbarings verskil byvoor=beeld hemelsbreed van mekaar. Die boeke verskil baie van mekaar in hul literêre vorm en sluit onder andere gedigte, liedere, historiese voorstellings, wette, spreuke, kort verhale, briewe en profetiese openbaringe in. Die inhoud van kommunikasie in Godsdiensonderrig moet dan ook sodanig gerig wees dat dit die kind sal lei om die literêre vorm te verstaan, te ken en die rede waarom die bepaalde vorm gebruik is te begryp (Hanson, 1972, p. 14).

3.2.4 Die insluiting van buite-Bybelse leerstof

Die vraag ontstaan of die inhoud van Godsdiensonderrig slegs uit die Bybel moet kom en of buite-Bybelse leerstof ook ingesluit mag word.

Daar is geen prinsipiële beswaar teen die gebruik van buite-Bybelse leerstof nie en dit kom dan ook in die sillabusse van al vier provinsies voor.

Die buite-Bybelse leerstof mag egter nooit met die Bybel gelyk=gestel word nie, die kind moet besef dat dit nie Bybelse leerstof

is nie, dit moet gebruik word om die Bybel te verlig en die Bybel moet steeds die hoofsaak bly (Greyling, 1946, pp. 190-192).

Met die oog op die huidige situasie in die wêreld en met inag=neming van die vermoëns van die kind, behoort 'n besondere plek aan die volgende buite-Bybelse leerstof in die sillabusse gegee te word:

* Waar daar vandag binne die teologie strominge is wat die Bybelse verhale tot mitologiese storietjies wil afmaak, verdien Bybelse Aardrykskunde 'n besondere plek omdat dit nie alleen die gebeurtenisse in geografiese perspektief plaas nie, maar ook dien om die aktualiteit van die ge=beurtenisse te onderstreep. Dit dui klinkklaar aan dat die Bybel die verhale as werklike gebeurtenisse wat op bepaalde plekke plaasgevind het, bedoel.

* Bybelse Oudheidkunde, waarvan ons vandag veel meer weet as enkele jare gelede, werp lig op die leefwyse en die lewensgewoontes van die mense en volke wat ons in die Bybel ontmoet. Dit beklemtoon ook die Bybelse verhale as werklike en ware verhale waarin ware mense in bepaalde omstandighede betrokke was. Oudheidkunde kan in die hoër standerds as 'n afsonderlike afdeling van die vak behandel word, maar moet ook 'n integrale deel van elke les vorm.

* Opgrawingsresultate uit die Bybellande, wat lig op die tydperk van die ontstaan van die Bybel werp, verdien van=dag 'n uiters belangrike plek. Die Bybel is eeue gelede vir mense wat in tye geleef het waarvan die meeste van ons min weet, geskryf. Die Bybel self verklaar soms die

gewoontes en gebruike, maar neem dikwels aan dat die leser met die feite bekend is. As gevolg van opgrawingswerk weet ons vandag geweldig baie van die Bybelse tye. Daar word selfs beweer dat ons vandag meer van byvoorbeeld die gewoontes in die tyd van die patriarge weet as wat die mense in die latere Bybelse geskiedenis daarvan geweet het. Duisende ontdekkings bring vandag 'n nuwe begrip van 'n betowerende Bybelse geskiedenis.

Hoe meer argeoloë delf, hoe meer staan hulle verstom oor die korrektheid van die Skrifverhale. Waar die korrekt= heid van die Skrif vandag nie net deur ongelowiges nie, maar ook binne die teologie bevraagteken word, verdien Bybelse argeologie en die aktuele bevindings daarvan 'n besondere plek in die sillabusse. Juis vandag, terwyl die Bybel sterk onder die skoot van die wetenskap kom, bied die wetenskap self die antwoord aan die mens. Hierdie feite moet dus met beslistheid aan die kind gebied word. Die mens, die gelowige mens, het nie bewyse vir die korrekt= heid van die Skrif nodig nie, want hy glo dit buitendien. Bewyse dien egter tot versterking, en verskaf ammunisie in die huidige stryd om die integriteit van die Bybel.

* Die kind leef vandag nie in 'n uitsluitlik Christelike milieu nie, maar kom op verskillende wyses met talle gods= dienstige strominge waarvan hy min of niks weet nie, in aanraking. 'n Kind stel in vreemde dinge belang en word weens 'n gebrek aan kennis van hul ware aard, maklik op die dwaalweë van hierdie rigtings gelok. Godsdiensonderrig bied 'n uitstekende geleentheid om hom hierteen te bewapen. Die leerstellings van godsdienstige groepe soos die Mormone,

die Jehova Getuies, ens. verdien 'n plek in Godsdiens=onderrig terwyl strominge soos die Islam, Boeddisme, Kommunisme, Spiritisme en die Swart Kuns nie langer ge=ignoreer mag word nie. Die kind maak buitendien hier=mee kennis en dan dikwels op 'n ongesonde wyse.

* Aktuele temas soos huwelik en gesin, vryheid en gesag, oorlog en vrede, sekularisme, ens., verdien 'n belang=riker plek op 'n redelik vroeë stadium in Godsdiens=onderrig.

* Ander nie-Bybelse leerstof wat ook 'n plek in die silla=busse van Godsdiensonderrig verdien, is:

  Feite omtrent die Bybel self soos tale, vertalings, skrywers, ens.
  Kerkgeskiedenis.
  Die kerklied.
  Die geskiedenis van die tydperk tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.
  Apokriewe boeke.
  Die geskiedenis van die volke rondom Israel.
  Die lewens van hoogstaande godsdienstige persone.

Dit is dus duidelik dat die inhoud van Godsdiensonderrig nie slegs Bybelse feite moet bevat nie, maar dat, hoewel die inhoud van die Bybel self steeds prioriteit nommer een bly, besondere klem geplaas moet word op kennis wat aktueel is en nuwe kennis wat die hand van die gelowige teen die ongelowige wêreld sterk.

3.2.5 Die inhoud moet volgens 'n bepaalde plan gerangskik word

Die leerstof wat aan die kind gebied gaan word, moet vooraf op een of ander wyse volgens sekere teorieë en beginsels gerangskik word. Hierdie verskillende teorieë en die voor- en nadele van elk kan nie hier behandel word nie. Aandag moet egter aan die verskillende beginsels wat tans toegepas word en toegepas behoort te word, gegee word.

3.2.5.1 Die beginsel van kronologie

Die beginsel van kronologie word vandag in al vier provinsies in Suid-Afrika toegepas. Hiervolgens word die gewyde geskiedenis, wat die basis van die inhoud in veral die primêre skool vorm, in die tydsorde waarin hulle plaasgevind het, aangebied.

Hierdie beginsel het die voordeel dat dit by die volgorde van die Bybel self aansluit, dat dit die rangskikking maklik maak en dat dit by die verskuiwing van die kind van een skool na 'n ander, inpassing en aansluiting makliker maak.

Die nadeel van die beginsel is dat dit nie die behoefte van die kind in aanmerking neem nie en geneig is om die klem te sterk op die geskiedenis en dus die aanleer van feite te laat val (Greyling, 1949, pp. 198-199). Dit kan ook aanleiding gee tot 'n groot mate van herhaling wat verveling en 'n verlies van belangstelling by die kind tot gevolg sal hê.

3.2.5.2 Die beginsel van rangskikking in uitbreidende sirkels

Om die probleem van aansluiting by die kind en onnodige herhaling te oorbrug, word die beginsel van kronologie gekombineer met die beginsel van rangskikking in uitbreidende sirkels.

'n Mooi voorbeeld hiervan word in die sillabusse vir die primêre skole in Transvaal aangetref. Hier word die leerstof, wat nog in kronologiese volgorde gerangskik word, gedurende die eerste sirkel wat oor twee jaar (Gr. 1 en Gr. 2) strek, op 'n baie eenvoudige wyse behandel met slegs aandag aan die belangrikste persone en feite. Hoewel die klein kind geen begrip van kronologie het nie, word die leerstof tog, met die oog op verhuising tussen skole en aansluiting by die latere sirkels, kronologies behandel. Gedurende die tweede sirkel (St. 1 en 2) word dieselfde gebied weer gedek terwyl verdere besonderhede bygevoeg word. Gedurende die derde sirkel (St. 3 en 4) word dieselfde patroon gevolg, maar meer besonderhede en diepte word bygevoeg.

Hierdie metode het tot gevolg dat die leerstof hoogstens drie keer herhaal word en dat dit die moontlikheid laat om by die vermoë van die kind aan te sluit. Dit sluit ook goed aan by bekende opvoedkundige beginsels soos: gaan van die bekende na die onbekende en begin met die eenvoudige en beweeg trapsgewyse na die meer ingewikkelde (Greyling, 1946, p. 203).

Volgens Greyling (1946, p. 203) is hierdie rangskikking gerig op die kennis van die leerlinge. Dit bou kennis op kennis en is 'n pragtige plan vir die verkryging van Bybelkennis. Vir die vorming van karaktereienskappe en goeie gewoontes is dit

volgens hom minder geskik, want dit is nie opgestel om aan te pas by die belangstelling van die kinders nie (Greyling, 1946, p. 203).

3.2.5.3 Rangskikking volgens kerkjaar

Rangskikking volgens kerkjaar word nie in Suid-Afrika toegepas nie. Daar word wel voorsiening gemaak vir die behandeling van die gepaste leerstof voor passfees, hemelvaart en Kersfees.

3.2.5.4 Rangskikking volgens onderwerpe

Die beginsel van rangskikking volgens onderwerpe verdien veel meer aandag as wat dit vandag in Suid-Afrika kry.

Die metode bestaan daaruit dat 'n aantal onderwerpe geneem word en dat die dele van die Bybel wat daarop betrekking het in 'n aantal lesse rondom daardie onderwerp gerangskik word. Hierdie beginsel, wat alleen toegepas kan word wanneer die basiese inhoud reeds deur die kind bemeester is, het die voordeel dat dit 'n deeglike studie van 'n bepaalde onderwerp moontlik maak, dat dit bevorderlik vir die karaktervorming van die leerlinge is en dat dit die aandag op die geloofs- en sedelike waardes van die Bybel vestig (Greyling, 1946, pp. 200-201).

J.P. Zuidhof pleit daarvoor dat daar geheel en al van die tradisionele leerstofrangskikking afgesien moet word, en dat daar op temas af gewerk moet word (Van Wyk, 1970, p. 445). Stone (1969, pp. 14-15 en 1972, pp. 56-57) voel dat die verskillende grondlyne en grondpatrone in die Godsopenbaring besondere aandag verdien. Hy noem die volgende belangrikste grondlyne:

* God se verbond met die mensheid, van Genesis tot Openbaring;
* Die antitese of die stryd tussen die ryk van die lig en die ryk van die duisternis, vanaf die Paradys tot die voleinding;
* Die grondlyn van Christus wat soos 'n goue draad deur die hele Skrif loop;
* Die koninkryk van God soos deur die ganse Bybel gevind;
* Die lyn van die kerk vanaf Gen. 4:26 tot die nuwe bedeling;
* Die grondlyn van die voltooiing van wat God begin het; en
* Die lyn van die sonde, vanaf die sondeval tot die vol= einding.

Volgens Stone (1972, p. 57) bied al hierdie grondlyne of gesigs= punte van die Skrif gesamentlik die volle Raad van God, en in die mate waarin alle gesigspunte van die Godsopenbaring belig of onderbelig word, sal Godsdiensonderrig meer of minder ge= slaagd wees.

Bogenoemde beklemtoning van temas, grondlyne en gesigspunte is moontlik ietwat oordrewe, maar dit vestig tog die aandag op hierdie belangrike beginsel by die rangskikking van die inhoud van Godsdiensonderrig.

3.2.6 Die inhoud moet by die eise van die kind aanpas

Die jeug stel nie alleen eise in verband met die metode van onderrig nie, maar ook aan die inhoud. Die keuse van leerstof wat pas by die behoeftes van die kind, is een van die grondwette van die opvoedkunde (Greyling, 1946, p. 204). Hierdie

leerstelling is so oud soos die Skrif self. Salomo het gesê: "Oefen die seun volgens die eise van sy weg; dan sal hy, as hy oud word, daar nie van afwyk nie." (Spr. 22:6). Die skrywer van die brief aan die Hebreërs skryf honderde jare later dat die kind met melk gevoed moet word, terwyl vaste spyse by die volwassene pas (Hebr. 5:12-14). J.J. Rousseau, Pestalozzi en Froebel het gedurende die 18de eeu aangetoon dat die keuse en die rangskikking van die leerstof nie net deur die aard van die leerstof self bepaal moet word nie, maar ook deur die behoeftes van die groeiende kind. Vandag word hierdie beginsel deur sommige hedendaagse pedagoë as 'n nuwe benadering gepropageer terwyl die beginsel binne die praktiese Godsdiensonderrig soms geïgnoreer word.

Vir sinvolle kommunikasie in Godsdiensonderrig is dit noodsaaklik dat die leerstof so gekies en gerangskik sal word dat dit by die behoeftes en besondere eise van die hedendaagse kind sal aanpas. Waar dit nie gedoen word nie, kan dit tot 'n weersin by die kind lei, en moontlik 'n afkeer in die vak in besonder en in Godsdiens in die algemeen tot gevolg hê. Tekens hiervan word vandag oral aangetref en moet as 'n waarskuwingsteken vir hulle wat met Godsdiensonderrig te doen het, dien.

Godsdiensonderrig verkeer in die gelukkige posisie dat die Bybelboodskap, as leerstof, tydloosgeldend en aktueel is. Dit bied aan die kind die mees omvattende en duidelik verstaanbare beeld van die wêreld. Dit sê aan hom hoe die heelal lyk en hoe hy daarin pas. Die leerstof in die Skrif is vir die huidige leerling bedoel en die eenvoudige eis aan die opvoeder is dat hy dit so moet aanbied.

Die leerstof is gerig op die lewe van die kind en moet so gekies en aangebied word dat dit aktueel sal wees en in die kind se huidige bestaan sal insny en ingryp. As dit nie gedoen word nie, word daar nie voldoen aan die eis van die Bybel self nie en moet sodanige persoon aan die woorde van die Skrif dink: "Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gegooi word." (Mark. 9:42; sien ook Matt. 18:6).

Hierdie woorde plaas 'n ontsettende verantwoordelikheid op die onderwyser, nie alleen teenoor die kind nie, maar ook teenoor homself.

3.3 Samevattend

Die seleksie en ordening van die inhoud van Godsdiensonderrig is 'n moeilike taak en verdien sorgvuldige beplanning. Talle probleme kom hier na vore.

Die inhoud is omvangryk, maar vorm tog 'n eenheid en het een doel. Dit moet egter in die skool oor 'n hele aantal jare versprei word sonder om die eenheid te verbreek. Dit moet by die bevatlikheidsvermoë en die belangstelling van die kind in ver= skillende stadiums van ontwikkeling aangepas word.

Die probleem word vergroot deurdat daar in dieselfde klas kin= ders van uiteenlopende kerklike denominasies en geloofsgenoot= skappe teenwoordig is. Almal moet deur middel van dieselfde leerstof bereik word sonder dat die beginsels van enigeen aan= getas mag word.

In dieselfde klas mag ook ongelowige kinders of kinders uit ateïstiese huise teenwoordig wees. Ook hulle moet deur dieselfde leerstof bereik word terwyl dit reeds geblyk het dat kommunikasie met hulle anders moet wees.

Die huidige keuse en ordening van die leerstof vir Godsdiens= onderrig is nie ideaal vir kommunikasie in die vak nie, en ver= dien hersiening.